Nuusbrief | Selfoon-nuus | Maak Beeld jou tuisblad | Gewildste Stories |

Hoe ver sal jy gaan vir liefde?
Slim vroue wat hulself opsetlik dom hou om liefde te vind...?

Beeld
Jou wêreld, Jou koerant

Stroewe Chris laat
Nou toe nou. Egoli se s
Edwards kan

SOEK Webwerf Argiewe Web Soek

BEELD
Tuisblad
Suid-Afrika
Sport
Opinie
Sake
Wêreld
Motors
Vermaak
In-Diepte
Vroue
Kampus-Beeld
Tot u Diens
Jip
My storie
Video's
Foto's
Fotokompetisie
Kompetisies
Nuusvasvra

SPESIAAL
Skool toe
Survivor
Zuma-dossier
Ondersoeke

GEMEENSKAP
Mpumalanga
Tshwane-Beeld
Wes-Beeld
Oos-Rand-Beeld
Noordwes-Beeld

WEER
Pta: 15-26°C
Jhb: 11-21°C
Dbn: 16-26°C
Kpstd: 13-19°C
Voorspellings

KONTAK ONS

G'n kragrekening vir hulle

Nov 01 2007 11:30:57:563AM - (SA)

Daleen van Manen

Druk artikel
E-pos storie aan 'n vriend

Hartbeespoort. – Thea Holm het 'n huis soos enige ander moderne vrou, gevul met die nodige luukses soos 'n moderne yskas, skottelgoedwasser, wasmasjien, rekenaars, televisiestelle en stowe. Die enigste verskil is dié gesin het nie elektrisiteit nie, hulle maak gebruik van sonenergie.

Thea Holm by een van die sonstowe waarop sy op sonnige dae kook. Foto: Daleen van Manen

"Ons grootste probleem is wanneer banke, ondernemings en staatsdepartemente 'n bewys van adres in die vorm van 'n elektrisiteitrekening soek. Hulle kan nie verstaan dat ons nie 'n elektrisiteitrekening het nie," lag sy. Hulle kan ook nie 'n waterrekening wys nie, want hulle leef van reënwater!

Thea, haar man, Henning, en hul twee seuns, Fabian (10) en Tristan (9), hoef hulle nie te bekommer oor elektrisiteit- en wateronderbrekings of die watergehalte wat in dié gebied 'n gesondheidkwessie is nie. Hulle is totaal onafhanklik, want in sonnige Suid-Afrika laat die son 'n mens nie in die steek nie.

Sonpanele versier die huis se dak, wateropgaardamme wag op drie hoeke van die huis op reënwater en sonstowe kook lustig in die agterplaas.

"Al steek die son sy kop vir 'n week weg het die sonpanele nog 84% van hul kapasiteit. Ons het net meer as 300 mm reën nodig om die damme vol te maak wat ons 'n jaar en 'n half sonder reën kan onderhou.

"En weet jy hoe lekker is dit om vir 'n Sondagmaal aan te sit en te weet die son het jou kos gekook?"

Vir dié gesin is sonenergie en die bewaring van natuurlike hulpbronne 'n lewenswyse. "Ek leef die afgelope vyf jaar so, maar Henning het so grootgeword."

Henning se pa, Dieter, het 33 jaar gelede die huis op die berg op Saartjiesnek gebou en die eerste sonpanele in die VSA gaan koop.

Thea het ná haar intrek in die huis 'n belangstelling in sonenergie en die bewaring van natuurlike hulpbronne ontwikkel.

"So met my navorsing om my nuuskierigheid te bevredig, het ek al hoe meer besef hoe ons die aarde waarvan ons leef beskadig en uitput sonder om iets terug te sit. Ek wou 'n bydrae maak om mense in te lig oor besoedeling en die implikasies daarvan op ons toekoms op die aarde."

Deesdae gee sy lesings, veral vir kinders en vroue, met wenke hoe elkeen sy deel kan doen om

Navrae
Adverteer in Beeld
Klantediens
Briewe
Nuuswenke
Tot U Diens
Biblioteek

Sudoku

4		9	6		
	2		4		1
3					

VENNOTE

24.com

besoedeling te help bekamp. Sy was onlangs 'n gas by 'n seminaar oor hernieubare tegnologie in Duitsland en 'n spreker op die klimaatsveranderingberaad in Kaapstad. Sy en haar man het ook 'n onderneming wat sonenergie-stelsels verkoop.

"Dit is uiters bevredigend om so onafhanklik te leef. 'n Mens hoef nie alles op een slag te doen nie. Begin met 'n sonenergie-waterverwarmer (jou elektriese verwarmer sorg vir sowat 45% van jou elektrisiteitrekening) en 'n sonstoof en vul aan soos jy dit kan bekostig," beveel sy aan.

Kry Beeld op jou Facebook-profiel

Kry nuus op jou selfoon by www.beeld.mobi

-- Top stories in hierdie kategorie --

PROMOSIE

As jy jou sig verloor, beteken dit dat jy jou besigheid ook sal verloor?
Jy sal dit alleen weet indien jy goed ingelig is oor risikobestuur. Maar weet jy ook genoeg van belasting, arbeidsaangeleenthede, aftreevoorsiening en finansiering? As jy die eienaar is van 'n klein of medium onderneming, teken nou in op Sanlam Cobalt se gratis elektroniese nuusbriewe. Dis eenvoudig en maklik om te verstaan. Boonop kan intekenare van tyd tot tyd uitnodigings verwag na seminare – met temas wat waarde sal toevoeg tot die suksesvolle bestuur van klein en medium besighede. Om in te teken op die gratis nuusbrief, KLIEK HIER

Wen kaartjies vir die Idols finaal!
Is jy die grootste Idols aanhanger? **Kliek hier** en verdien **500 punte** wanneer jy die *Idols Challenge (powered by OUTsurance)* vraelys voltooi.

Hoeveel betaal jy werklik vir jou huislening?
Skakel na 'n Sanlam Huislening om en spaar. **KLIEK HIER**

Absa Top 10 Pinotage-kompetisie - nuwe wenners en meesters in die kalklig

Die Absa Top 10 Pinotage-kompetisie het vanjaar groot verwagtinge geskep na 'n rekord 148 inskrywings. Die ses wynprodusente wat vir die eerste keer 'n Top 10-wenner opgelewer het, kom uit vyf verskillende wyn van oorsprong-gebiede, **KLIEK HIER VIR DIE VOLLEDIGE UITSLAE**

Mercedes-Benz Pre-Owned
Deursoek ons SA databasis vir gehalte Mercedes-Benz voertuie

Blanke Ekonomiese Forum
Hier ondersteun Blankes mekaar. Eendrag maak mag, geld nog steeds.

Ads door Google

Adverteer in Beeld | Kontak ons | RSS